

1. Voltooi die sinne hieronder deur van die volgende woorde gebruik te maak:

nutslas	brandstof	lig	verbrand	lanseer	aangedryf
----------------	------------------	------------	-----------------	----------------	------------------

- 'n Vuurpylstelsel kry die energie wat dit nodig het uit **brandstof**.
- Die brandstof **verbrand**, en stel warm gasse vry.
- 'n Vuurpyl moet **lig** en sterk wees.
- 'n Vuurpyl neem mense en toerusting die ruimte in. Dit word die vuurpyl se **nutslas** genoem.
- Wanneer ons 'n vuurpyl **lanseer**, stuur ons dit die ruimte in.
- Vuurpyle word opwaarts **aangedryf** wanneer warm gasse afwaarts skiet.

2. Voltooi Sir Isaac Newton se derde wet van beweging:

Daar is vir elke stoot in een rigting ...

'n gelyke stoot in die teenoorgestelde rigting.

3. Hoe stem 'n vuurpyl en 'n ballon ooreenstem?

Beide die ballon en vuurpyl word opwaarts aangedryf terwyl die lug van die ballon en die uitlaatgasse van die vuurpyl in die teenoorgestelde rigting, naamlik afwaarts beweeg.

Lees die volgende Maan storie en beantwoord die vrae wat volg:

Die Maan en die Haas

Die haas en die maan het mekaar een aand by 'n watergat ontmoet. Die haas was besig om sy gesig met water te was. Die water het stil geword, soos 'n spieël. Hy het hieself in die water gesien, maar toe sien hy dat die maan mooier as hy was.

Die haas vat toe modder vanaf die kant van die watergat en gooi dit in die maan se gesig. As jy vanaand na die maan kyk, sal jy sien dat die modder nog steeds daar is.



4. Wat dink jy het die mense wat hierdie storie vertel het op die maan gesien wat hulle as "modder" op die maan se gesig beskryf het?

Moontlik die kraters op die Maan wat donkerder voorkom.

5. Watter emosie het die haas ervaar?

Die haas was jaloers op die Maan en hy het jaloesie ervaar.